

'n Gr-oo-ooot voor-skoot vir lekker mors

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); ks - koussteek (1 ry r, 1 ry aw); beg - begin; herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; vlg - volgende; alt - alternatiewe; oorbl - oorblywende

LET WEL: Die aanwysings is vir die kleinste grootte met dié vir die groter grootte tussen hakies.

BENODIGDHEDE: 60(80) g Sirdar Wash 'n Wear Crepe 4-draad; breipenne van 4 mm; 30 cm bedrukte linon van 90 cm breed.

MATE: Borsmaat 46(51) cm; lengte 24(27) cm.

SPANNING: 13 steke en 17 rye per 5 cm.

AGTER-EN-VOORPANT (eners): Stel 40(46) ste op en r 1 ry.

Beg met 'n aw-ry, brei ks en vermeer 1 st aan elke kant van elke ry totdat daar 56(62) ste is. Vermeer 1 st aan elke kant van elke alt ry totdat daar 66(72) ste is. Brei 3 rye en vermeer dan 1 st aan elke kant van die vlg ry. Herh die laaste 4 rye nog een keer — 70(76) ste. Brei 7(13) rye reguit.

Vermin 1 st aan elke kant van die vlg en vlg 4e ry. Vermin 1 st aan elke kant van elke alt ry totdat daar 54(60) ste is en merk weerskante van die laaste van hierdie rye met gekleurde garing. Vermin 1 st aan elke kant van die vlg 4 rye en vermin dan 1 st aan elke kant van die vlg 3 alt rye: 40(46) ste.

Brei 11(15) rye reguit.

Halsvorming: Vlg ry: r 12, heg 16(22) ste af, r 12. Brei net met die laaste stel ste. Vermin 1 st aan einde van vlg en vlg 2 alt rye. Brei 1 ry. Vermin 1 st aan einde van vlg 3 rye. Heg af.

Met verkeerde kant van werk na jou toe, las garing by binnerand van oorbl ste aan en voltooi die ander kant om oreen te stem.

AFWERKING: Pars die breiwerk. Knip 4(6) skuins stroke wat 2,5 cm breed en 42 cm lank is en 8 reguit stroke wat 2,5 cm breed en 15 cm lank is uit die linon. Vou die reguit stroke in die lengte dubbel. Laat 5 mm toe vir invou en stik al langs een lang kant en oor een smal kant van elkeen. Dop om en pars.

Las die skuins stroke in twee lengtes aanmekaar — een vir elke pant.

Laat 5 mm toe vir omvou en werk die rafelpunte van die reguit stroke een by elke skouerrand en een by elke merkie vas.

Ryg die skuins stroke aan die regte kant rondom die buiterand van elke pant vas, werk punte aanmekaar en stik. Laat 5 mm toe vir invou, vou die omboorsel in die helfte om na die verkeerde kant en glipsteek vas.

Knoop by die skouers en onder die arms vas.

